**26 DESEMBER** **SKRIFGEDEELTE: LUKAS 2:25-40**
**FOKUSGEDEELTE: LUKAS 2:29, 30**

## Wag op die Here

Almal wag op iets. Die gelowige ken egter ‘n heel ander “wag”. Hier lees ons van twee mense, Simeon en Anna, wat getrou en soekend bly wag het op die koms van die Messias. Hul soeke, lewend gehou deur die Gees, kom na vore in hul gehoorsaamheid en getroue diens aan God. Hulle wag getrou terwyl die vervalle Jodendom grootliks die verwagting na die koms van die Messias laat vaar het. Dan, op God se tyd, die regte tyd, beantwoord Hy sy getroue dienaars se soeke. Simeon en Anna is so bevoorreg om die Jesuskind te sien. Nog meer bevoorreg is hulle om Hom deur die geloof as die Verlosser te eien. Ons merk by Simeon ‘n ongekende rustigheid oor sy toekoms en dood, want die Verlosser het gekom. Noudat hy die Verlosser gesien het, het hy die finale vrede en rus.

Gelowiges is almal aan die wag, soekend, na God en sy antwoorde en reddings-handelinge. Trouens, dit behaag Hom dat ons Hom soek en op Hom wag. God openbaar Homself as die God wat antwoord en handel op ons soeke na Hom. Sy antwoord vind ons in Jesus Christus. Om Jesus deur die geloof te mag sien, beteken verlossing, vreugde en toekomsvrede – selfs tot in die dood.

Die beeld wat Simeon gebruik, is dié van ‘n slaaf wat van sy eienaar opdrag kry om deur die donker nag te waak totdat hy ‘n sekere ster sien opkom. Jy word geroep om nou te waak, om op jou pos te bly totdat die helder morester, Jesus Christus, weer verskyn (Op. 22:16). Waak deur opreg uit te sien na sy koms, deur ‘n gehoorsame lewe en deur onder leiding van die Gees te bly bid (Op. 22:20): “Kom, Here Jesus!” Ja, al hoor jy van vele wat ophou wag en soek, God sal ook jou opregte soeke beantwoord met ongekende vreugde en vrede.

*Sing: Skrifberyming 4-7:1, 2* *Ds Deon van der Walt (Worcester)*